


Argus

BUITENGEWONE
OFFISIELLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



JITGawe op GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Maandag, 10 Junie 1968

WINNHOEK

Monday, 10 June 1968

No. 2895

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

GOEWERMENTSKENNISGEWING:

GOVERNMENT NOTICE:

No. 82 Ordonnansie 1968: Uitvaardiging van	Ordinance, 1968: Promulgation of	958
--	--	-----

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 82.]

[10 Junie 1968

No. 82.]

[10 June 1968

ORDONNANSIE, 1968: UITVAARDIGING VAN

ORDINANCE, 1968: PROMULGATION OF

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring e heg, ooreenkomsdig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan ie volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomsdig artikel 29 van genoemde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinances which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No.	<i>Titel</i>	<i>Bladsy</i>	No.	<i>Title</i>	<i>Page</i>
No. 19	Wysigingsordonnansie op Padverkeer 1968 . . .	959	No. 19	Road Traffic Amendment Ordinance, 1968 . . .	960

No. 19 van 1968.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 om die woordomskrywings van „openbare motorvoertuig” en „trekker” in artikel 1 te verander; om in artikel 15 te bepaal dat die gebruik van 'n spesiale permit strydig met die bepalings van subartikel (1) daarvan 'n misdryf is; om in die Afrikaanse teks van artikel 23 die woorde „terugbetaal” te vervang deur die woorde „kwytskeld”; om in artikel 54 te bepaal dat versuim om sy bepalings na te kom 'n misdryf is; om in artikel 58 te bepaal dat 'n leerling- of bestuurderslisensie uitgereik moet word ten opsigte van 'n trekker wat nie met elektriese krag aangedryf word nie, en dat die houer van 'n lisensie om 'n ligte motorvoertuig, 'n swaar motorvoertuig of 'n ekstra swaar motorvoertuig te bestuur, geregtig is om, onder andere, 'n motorvoertuig aangedryf deur elektriese krag onder gespesifiseerde omstandighede te bestuur; om in artikel 116 te bepaal dat niemand 'n voertuig op 'n openbare pad op so 'n wyse mag parkeer dat dit enige private of openbare voertuigingang na so 'n pad versper nie; om in artikel 125 te bepaal dat niemand enige dier gedurende die tydperk tussen 'n halfuur na sononder en 'n halfuur voor sonop op 'n openbare pad mag aanjaag nie tensy hy 'n rooi lig dra en dat niemand 'n dier gedurende enige ander tydperk op 'n openbare pad mag aanjaag nie tensy hy 'n rooi doek vertoon; om in artikel 135 te bepaal dat by enige vervolging weens 'n oortreding van enige bepaling daarvan, daar vermoed word totdat die teendeel bewys word, dat die beskuldigde daarvan bewus was dat die ongeluk plaasgevind het en dat hy die ongeluk nie gerapporteer het of die inligting nie verstrek het soos vereis by subartikel (1) (f) nie, en om in artikel 160 te bepaal dat 'n ondersoeker van voertuie enige voertuig kan bestuur by die uitvoering van sy bevoegdhede en pligte mits hy, in die geval van 'n motorvoertuig, gelisensieer is om 'n motorvoertuig van die betrokke klas te bestuur.

(Goedgekeur 27 Mei 1968)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suid-wes-Afrika VERORDEN:

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 30 van 1967.

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) — hierna die hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig —

- (a) deur die omskrywing van „openbare motorvoertuig” deur die volgende omskrywing te vervang: „openbare motorvoertuig” enige motorvoertuig wat —
 - (a) teen huur of beloning vir die vervoer daarop van passasiers of goedere, of albei, gebruik word;
 - (b) vir gebruik soos voormeld te huur aangebied word; of
 - (c) gebruik word om 'n ander motorvoertuig te trek wat 'n openbare motorvoertuig is soos hiervore omskryf, en, met betrekking tot 'n aansoek om 'n geskiktheidsertifikaat, 'n motorvoertuig wat bedoel is om as 'n openbare motorvoertuig soos hiervore omskryf, gebruik te word,
- maar 'n openbare motorvoertuig omvat nie —

No. 19 of 1968.]

ORDINANCE

To amend the Road Traffic Ordinance 1967 to modify the definitions of "public motor vehicle" and "tractor" in section 1; to provide in section 15 that the use of a special permit contrary to the provisions of subsection (1) thereof shall be an offence; to substitute the word "kwytskeld" for the word "terugbetaal" in the Afrikaans text of section 23; to provide in section 54 that the failure to comply with its provisions shall be an offence; to provide in section 58 that a learner's or driver's licence shall be issued in respect of a tractor which is not propelled by electrical power, and that the holder of a licence to drive a light motor vehicle, a heavy motor vehicle or an extra heavy motor vehicle, shall be entitled to drive, inter alia, a motor vehicle propelled by electrical power under specified circumstances; to provide in section 116 that no person shall park a vehicle on a public road in such manner as to obstruct any private or public vehicular entrance to such road; to provide in section 125 that no person shall drive any animal on a public road during the period between half-an-hour after sunset and half-an-hour before sunrise unless he carries a red light and that no person shall drive any animal on a public road during any other period unless he displays a red cloth; to provide in section 135 that in a prosecution for a contravention of any of its provisions, it shall be presumed until the contrary is proved, that the accused was aware of the fact that the accident had occurred and that he did not report the accident or furnish the information as requested by subsection (1) (f) and to provide in section 160 that an examiner of vehicles may drive any vehicle in the execution of his powers and duties on condition that in the case of a motor vehicle, he shall be licensed to drive a motor vehicle of the class concerned.

(Assented to 27th May 1968)

(Afrikaans text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section 1 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

Amendment of
section 1 of
Ordinance 30
of 1967.

- (a) by the substitution for the definition of "public motor vehicle" of the following definition:
" 'public motor vehicle' means any motor vehicle
 - (a) used for the conveyance thereon of passengers or goods, or both, for hire or reward;
 - (b) plying for hire for use as aforesaid; or
 - (c) used for drawing another motor vehicle which is a public motor vehicle as hereinbefore defined, and, in relation to an application for a certificate of fitness, means a motor vehicle intended to be used as a public motor vehicle as hereinbefore defined,

but a public motor vehicle does not include —

- (i) 'n motorvoertuig wat vir die beringing van ander motorvoertuie ontwerp of ingerig is en gewoonlik as 'n „teëspoedwa" bekend staan nie;
 - (ii) 'n lykswa nie;
 - (iii) 'n ambulans nie;
 - (iv) enige motorvoertuig wat die eiendom van 'n plaaslike bestuur is nie en wat nie 'n bus is nie;
 - (v) enige motorvoertuig wat vir die vervoer van skoolkinders gebruik word nie en wat nie 'n bus is nie; of
 - (vi) enige ander klas motorvoertuig wat die Administrateur voorskryf om nie 'n openbare motorvoertuig te wees nie;".
- (b) deur die omskrywing van „trekker" deur die volgende omskrywing te vervang: „,trekker' 'n motorvoertuig ontwerp of ingerig hoofsaaklik om ander voertuie mee te trek en nie om 'n vrag daarop te dra nie;".

Wysiging van artikel 15 van Ordonnansie 30 van 1967.

2. Artikel 15 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging na subartikel (3) van die volgende subartikel:

„(4) Iedereen wat enige spesiale permit strydig met die bepalings van subartikel (1) gebruik, is skuldig aan 'n misdryf."

Wysiging van artikel 23 van Ordonnansie 30 van 1967.

3. Artikel 23 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van die woord „terugbetaal" in die Afrikaanse teks deur die woord „kwytskeld".

Wysiging van artikel 54 van Ordonnansie 30 van 1967.

4. Artikel 54 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die byvoeging aan die einde daarvan van die volgende woorde:

„Iedereen wat versuim om aan die bepalings van hierdie artikel te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf."

Wysiging van artikel 58 van Ordonnansie 30 van 1967.

5. Artikel 58 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur paragraaf (e) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
„(e) 'n trekker wat nie deur elektriese krag aangedryf word nie;" ; en
- (b) deur paragrawe (c), (d) en (e) van subartikel (2) deur die volgende paragrawe te vervang:
„(c) subartikel (1) (i), geregtig om 'n motorvoertuig te bestuur van die klas in subartikel (1) (e), (f) of (h) genoem waar, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) of (h) genoem, die tarra van sodanige motorvoertuig nie 7,700 lb. oorskry nie of, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) genoem wat 'n bus of goederevoertuig is, die bruto voertuiggewig nie 7,700 lb. oorskry nie;
- (d) subartikel (1) (j), geregtig om 'n motorvoertuig te bestuur van die klas in subartikel (1) (e), (f), (h) of (i) genoem waar, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) of (h) genoem, die tarra van sodanige motorvoertuig nie 30,000 lb. oorskry nie of, in die geval van 'n motorvoertuig van die klas in paragraaf (f) genoem wat 'n bus of goederevoertuig is, die bruto voertuiggewig nie 30,000 lb. oorskry nie; of
- (e) subartikel (1) (k), geregtig om 'n motorvoertuig te bestuur van die klas in subartikel (1) (e), (f), (h), (i) en (j) genoem."

- (i) a motor vehicle designed or adapted for salvaging other motor vehicles and commonly known as a "breakdown vehicle";
 - (ii) a hearse;
 - (iii) an ambulance;
 - (iv) any motor vehicle owned by a local authority and which is not a bus;
 - (v) any motor vehicle which is used for the conveyance of school children and which is not a bus; or
 - (vi) any other class of motor vehicle which the Administrator may prescribe as not being a public motor vehicle;";
 - (b) by the substitution for the definition of "tractor" of the following definition:
- "‘tractor’ means a motor vehicle designed or adapted mainly for drawing other vehicles and not to carry any load thereon;".

2. Section 15 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

Amendment of section 15 of Ordinance 30 of 1967.

- "(4) Any person who uses any special permit contrary to the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.".

3. Section 23 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for the word "terugbetaal" of the word "kwytskeld"

Amendment of section 23 of Ordinance 30 of 1967.

4. Section 54 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion at the end thereof of the following words:

Amendment of section 54 of Ordinance 30 of 1967.

"Any person who fails to comply with the provisions of this section shall be guilty of an offence.".

5. Section 58 of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 58 of Ordinance 30 of 1967.

- (a) by the substitution for paragraph (e) of subsection (1) of the following paragraph:
- "(e) a tractor which is not propelled by electrical power;" ; and
- (b) by the substitution for paragraphs (c), (d) and (e) of subsection (2) of the following paragraphs:
- "(c) subsection (1) (i), be entitled to drive a motor vehicle of the class referred to in subsection (1) (e), (f) or (h) where, in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f) or (h), the tare of such motor vehicle does not exceed 7,700 lbs. or, in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f) which is a bus or goods vehicle, the gross vehicle weight does not exceed 7,700 lbs.;
- (d) subsection (1) (j), be entitled to drive a motor vehicle of the class referred to in subsection (1) (e), (f), (h) or (i) where, in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f) or (h), the tare of such motor vehicle does not exceed 30,000 lbs. or, in the case of a motor vehicle of the class referred to in paragraph (f), which is a bus or goods vehicle, the gross vehicle weight does not exceed 30,000 lbs. ; or
 - (e) subsection (1) (k), be entitled to drive a motor vehicle of the class referred to in subsection (1) (e), (f), (h), (i) or (j)." .

Wysiging van artikel 116 van Ordonnansie 30 van 1967.

6. Artikel 116 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (f) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(f) op so 'n wyse dat dit 'n private of openbare voertuigingang na sc 'n pad versper nie.”.

Wysiging van artikel 125 van Ordonnansie 30 van 1967.

7. Artikel 125 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Niemand mag 'n dier in subartikel (1) genoem —

- (a) gedurende die tydperk tussen 'n halfuur na sononder en 'n halfuur voor sonop op die ryvlak van 'n openbare pad aanjaag nie, tensy iemand wat 'n rooi lig dra wat in helder weer vir 'n afstand van minstens vyfhonderd voet sigbaar is, sodanige dier oppas of, in die geval van 'n trop of kudde van meer as tien diere, iemand wat sodanige diere oppas en 'n lig dra soos voormeld die diere vooruitgaan en iemand anders wat 'n lig dra soos voormeld die diere volg;
- (b) gedurende 'n ander tydperk as die in paragraaf (a) bedoel op die ryvlak van 'n openbare pad aanjaag nie, tensy iemand wat 'n rooi doek minstens twaalf duim in vierkant op 'n opvallende wyse vertoon, sodanige dier oppas of, in die geval van 'n trop of kudde van meer as tien diere, iemand wat die diere oppas en 'n doek vertoon soos voormeld die diere vooruitgaan en iemand anders wat 'n doek vertoon soos voormeld die diere volg.”.

Wysiging van artikel 135 van Ordonnansie 30 van 1967.

8. Artikel 135 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) By enige vervolging weens 'n oortreding van enige bepaling van hierdie artikel, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die beskuldigde daarvan bewus was dat die ongeluk plaasgevind het, en dat hy die ongeluk nie gerapporteer of die inligting nie verstrek het soos vereis by subartikel (1) (f) nie.”.

Wysiging van artikel 160 van Ordonnansie 30 van 1967.

9. Artikel 160 van die hoofordonnansie word hierby gewysig, deur die invoeging na subartikel (11) van die volgende subartikel:

„(12) 'n Ondersoeker van voertuie kan enige voertuig bestuur wanneer dit nodig is by die uitvoering van sy bevoegdhede en pligte: Met dien verstande dat hy, in die geval van enige motorvoertuig, behoorlik gelysensieer is om 'n motorvoertuig van die betrokke klas te bestuur..

Kort titel en inwerkingtreding.

10. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Padverkeer 1968 en tree in werking op die eerste dag van Julie 1968.

6. Section 116 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (f) of subsection (1) of the following paragraph:

Amendment of
section 116 of
Ordinance 30
of 1967.

"(f) in such manner as to obstruct any private or public vehicular entrance to such road.".

7. Section 125 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

Amendment of
section 125 of
Ordinance 30
of 1967.

"(4) No person shall drive any animal referred to in subsection (1) —

(a) along the roadway of a public road during the period between half-an-hour after sunset and half-an-hour before sunrise, unless a person carrying a red light visible in clear weather for a distance of at least five hundred feet tends such animal, or in the case of a flock or herd of more than ten animals, a person tending such animals and carrying a light as aforesaid precedes and another such person carrying a light as aforesaid follows such animals;

(b) along the roadway of a public road during a period other than that referred to in paragraph (a), unless a person displaying in a conspicuous manner a red cloth, not less than twelve inches square, tends such animal or, in the case of a flock or herd of more than ten animals, a person tending such animals and displaying a cloth as aforesaid precedes and another such person displaying a cloth as aforesaid follows such animals".

8. Section 135 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

Amendment of
section 135 of
Ordinance 30
of 1967.

"(4) In any prosecution for a contravention of any provision of this section, it shall be presumed, until the contrary is proved, that the accused was aware of the fact that the accident had occurred, and that he did not report the accident or furnish the information as required by subsection (1) (f).".

9. Section 160 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after subsection (11) of the following subsection:

Amendment of
section 160 of
Ordinance 30
of 1967.

"(12) An examiner of vehicles may drive any vehicle when necessary in the execution of his powers and duties: Provided that, in the case of any motor vehicle, he shall be duly licensed to drive a motor vehicle of the class concerned.".

10. This ordinance shall be called the Road Traffic Amendment Ordinance, 1968 and shall come into operation on the first day of July, 1968.

Short title and
commencement.

